# CEEBEE NEWSLETTER
FEBRUARY 2023

ceebee
to the point debt recovery

Welkom by die Februarie-nuusbrief. Verlede maand het ons u aan ons prokureurs voorgestel. Hierdie maand wil ons u graag aan ons Kliëntediensbestuurders voorstel. Aangesien ons geweldig gegroei het oor die afgelope drie jaar, het ons die Kliëntediensbestuurder-posisies geskep om te verseker dat ons kliënte een kontakpunt het om enige navrae of probleme op te los.

## BEKENDSTELLING VAN ONS KLIËNTEDIENSBESTUURDERS!



### CARINA

Carina Wessels is die Algemene Bestuurder in beheer van ons Kliëntediens-bestuurders. Sy het vir vyf jaar in CeeBee se finansiële afdeling gewerk en in hierdie tydperk haar diploma in Tegniese Finansiële Rekeningkunde voltooi.

Vir die laaste vyf jaar het sy in Kliëntediensbestuur gewerk waar sy met publieke en private skole regoor Suid-Afrika geskakel het terwyl sy toesig gehou het oor CeeBee se verslae-afdeling.



### GUGU

Gugu Gumede het in 2014 by die maatskappy aangesluit. Gugu het haarself van 'n Skuldinvorderaar tot 'n Spanbestuurder opgewerk. Gugu is twee jaar gelede tot Kliëntediensbestuurder bevorder waar sy beheer toepas oor ± 140 publieke skole in Gauteng en Limpopo.



### FAITH

Faith Shangisa werk vir vier jaar by die maatskappy waar sy drie jaar ondervinding in Skuld-invordering opgedoen het, en een jaar as 'n Span-bestuurder waar sy 'n span van vyf invorderaars bestuur het. Faith is nou bevorder tot Kliëntediensbestuurder wat in beheer is van ons privaat skole.



### ZANTE

Zanté Kruger werk reeds vyf jaar by CeeBee. Sy het as 'n invorderaar begin en is na vier jaar bevorder tot Opleidings-bestuurder waarna sy na een jaar tot Kliëntediensbestuurder bevorder is.
Zante sien om na ons Afrikaanse skole.



### ANGIE

Angelique Coetzee is al agt jaar by CeeBee. Sy het die afgelope vyf jaar in 'n Bestuursrol in Skoolgeldadministrasie deurgebring. Angie is in 2022 bevorder tot die Kliëntediens-bestuurder wat toesig hou oor ons kus skole, sowel as 'n paar binnelandse skole.

# Egskeidingsbevel en Onderhoudsooreenkomste

Verander egskeidingsbevele/onderhoudsooreenkomste die aanspreeklikheid van partye vir betaling van skoolgeld?

Die antwoord is nee! Betaling van skoolgeld in Publieke Skole word ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 gereguleer.

Ons verwys na die saak tussen Meeding v Hoër Tegniese Skool Sasolburg 2012 ZAFSHC 137. MB v NB 2010 (3) SA 220 wat in die Bloemfonteinse hooggeregshof aangehoor is.

Die saak handel oor egskeidingsooreenkomste en die betaling van skoolgeld. Die hof het die vraag gevra of die egskeidingsooreenkoms die posisie van die Suid-Afrikaanse Skolewet verander waar albei ouers verplig is om skoolgeld te betaal.

Die Regter het beslis dat die egskeidingsooreenkoms nie van toepassing is op enigiemand wat nie 'n party tot die egskeidingsooreenkoms is nie en verder dat die egskeidingsooreenkoms nie die posisie van die Suid-Afrikaanse Skolewet verander nie aangesien ouers steeds gesamentlik aanspreeklik is om skoolgeld te betaal.

In OLD MUTUAL LIFE ASSURANCE CO (SA) LTD AND ANOTHER v SWEMMER 2004 (5) SA 373 (SCA), is dit bevestig dat egskeiding en onderhoudsbevele nie bindend op derde partye is nie maar slegs tussen die partye of ouers, tensy sodanige derde partye in die regsgeding aangehaal is.

**Opvolg artikel vanaf die lessenaar van Megan Oosthuizen (BCom)(LLB)**
**CeeBee Interne Prokureur**

---

# Is u huidige diensverskaffer voldoende verseker?

Tans is die bedreiging van kubermisdaad, bedrog en diefstal die hoogste wat dit nog ooit was.

As u diensverskaffer, is dit noodsaaklik dat ons die nodige beskerming in plek en voldoende versekering het om u geld in ons sorg te beskerm.

CeeBee het die volgende in plek:

- Die nuutste Sonic Firewalls op ons bedieners met talle antivirus filters en inbraak voorkomende programme
- Kuberbeskermingsversekering onderskryf deur Bryte ter waarde van 25 miljoen Rand
- Professionele Vrywaringsdekking ter waarde van 5 miljoen Rand onderskryf deur Hollard.
- Kommersiële Misdaadversekering op ons Trustrekening vir derdepartyfondse vir tot 1 miljoen Rand per saak wat deur Standard Bank onderskryf word.

**Hierdie versekerings is duur, maar noodsaaklik om u fondse te beskerm, terwyl dit deur CeeBee ingevorder word.**

**Indien u enige duidelikheid oor bogenoemde benodig, kontak ons by 011 913 2447**